Volksblad
NUUS MET MENING

Druk hierdie artikel

# Skok oor verslag oor dam

2011-11-17 22:55

Charné Kemp

KIMBERLEY. – As die stad se flaminke verdwyn, is dit net so erg as wat Kimberley se Groot Gat verdwyn, het die DA gister gesê.

Dit kom nadat die bekroonde voëlkundige en voorsitter van Birdlife South Africa, mnr. Mark Anderson, eergister gesê het die Homevale-rioolaanleg werk net op 33% van sy kapasiteit.

Dié ongesuiwerde water wat dan deur die Sol Plaatje-munispaliteit in Kamfersdam gepomp word, bedreig die kleinflamink-spesie en ander voëllewe.

Me. Gerda Moolman, DA-lid van die wetgewer, het gesê sy is uiters geskok oor die verdoemende verslag van die Red die Flaminke-organisasie. “Ons gaan die premier op die volgende wetgewersitting vra wat die Noord-Kaap doen om sy natuurlike erfenis te bewaar. Dit lyk asof alle vorige waarskuwings op dowe ore geval het. Die munisipaliteit en die regering besef nie hoe ernstig die besoedeling is nie.

“Die kleinflamink is deel van Kimberley se aantrekkingskrag. Daarsonder is dit net so erg soos sonder die Groot Gat. Die flaminke word soos riool behandel. Dit is vernederend, veral as ons met internasionale wetenskaplikes wil saampraat. Dis asof ons geen erg aan ons natuurlike erfenis het nie.

“Ons vra dat die LUR’e vir omgewingsake en toerisme, me. Sylvia Lucas en mnr. John Block, ingryp,” sê Moolman.

Intussen het mnr. Sello Matsie, woordvoerder van die munisipaliteit, gesê dit is onwaar dat die aanleg ontoereikend is.

“Die aantygings is oordryf en sensasie-gedrewe. Ons erken daar was probleme tydens die inspeksie op 8 November.

“Sommige daarvan is reeds opgelos. Die ander is normale onderhoudsoponthoude.

“Die grootste knelpunte met die inspeksie was by die hoof-uitsakkingstenks waar die gruis nie uitgesif is nie. Die chloor-toerusting is reggemaak sodat die bakterietelling na normaal herstel kan word.

“Die aanleg is voldoende om die 30 megaliter afvalwater wat bedags inkom, te hanteer. Daar is drie sekondêre houertenks wat in werking is. Ons het ’n elektrisiën aan diens wat foute herstel. Ons het niks om weg te steek nie. Die munisipaliteit werk hard om die aanleg voortdurend te verbeter,” sê Matsie.

- Volksblad